

Jou eie Koning

Jes. 32:1,2; Matt. 4:23-25; Joh. 18:33-37

HK Sondag 12

Inleiding

- Gesag en die toepas daarvan is nie vandag 'n politiekorrekte kwessie nie.
 - Ons sien dit in skole, waar dit al hoe moeiliker is vir onderwysers om kinders te dissiplineer.
 - In die werkplek, waar mense bang is om werkers in diens te neem want jy kan omtrent nie meer mense 'gefired' kry as hulle droogmaak nie.
 - In huise waar ouers nie meer die ruggraat het om vir hulle kinders 'nee' te sê.
 - En ons sien dit in ons land waar die owerheid nie meer die tande het om die chaos vas te vat nie.

 - Dit is vandag so te sê taboe om
 - iemand se morele keuses of gedrag te kritiseer
 - of te sê wat hulle behoort te doen.

- Dit is waarskynlik omdat gesag in die verlede misbruik is, misplaas is en mense verniel het.
 - Maar dis vir elkeen wat wil sien duidelik
 - Dat om dit totaalby die deur uit te gooi
 - Ons net weer in 'n ander gemors los
 - Ons samelewing is besig om daardie vrugte te pluk, te eet... en te verstik.


- Gesonde en regverdige gesag en dissipline is nodig
 - Om iemand of 'n samelewing werklik te ontwikkel
 - Van 'n gemors na iets

- Soos wat 'n atleet hom onder die hande van sy afrigter stel om die beste uit hom te haal.
- Wanneer hierdie kortsigtige houding van die samelewing teenoor gesag oorspoel in 'n Christen se lewe,
 - Ondergrawe dit ook die dissipel om die gesag van Jesus sy Leermeester te erken.
 - Te vertrou dat Jesus se gesag goed en heilsaam is
 - Dat Hy dit tot jou beswil wil uitoefen
 - Die fondasie van klip wat Jesus jou wil gee
 - Verruil jy vir 'n sandkasteel
- Om al die vrugte van jou VERLOSSER se verlossing te smaak
 - Die skatte te ontdek
 - Al die volts te voel
 - Is dit nodig om Hom as Koning met gesag in jou lewe te erken

Agtergrond

- Om meer te verstaan van Jesus as jou Koning,
 - moet ons iets van sy tweede naam verstaan.
 - Jesus se tweede naam, *Christus*.
 - Dit beteken letterlik net “die gesalfde”.
 - Om 'n persoon te salf met olie op die kop was in die Ou Testament 'n ritueel waardeur iemand 'n spesifieke werk gekry het.
 - Profete is gesalf, Priesters is gesalf en Konings is gesalf.
- In die Ou Testament het elkeen van hierdie mense
 - 'n verskillende werk gehad vir God

- Die profete moes God se waarheid vir die mense vertel.
 - Dink aan Moses, Natan, Jesaja ens.
- Die Priesters moes namens die mense offers bring en vir die mense bid.
 - Dink aan Aaron, Leviete, Eli ens.
- Die Konings moes die mense lei en regeer en saam laat werk.
 - Dink aan Saul, Dawid, Salomo ens.
- Ons kan vir elkeen van hulle 'n teken gee om dit maklik te maak om hulle kern-take te onderskei:
 - Die profeet praat die waarheid;
 - Die priester help en maak reg;
 - Die koning gee opdragte.



- Nou... in die Ou Testament word gesê dat die eintlike *Gesalfde Priester Profeet en Koning* nog sal kom.
- In die Nuwe Testament sien die mense dit als in Jesus raak
 - – dis hoekom hulle Hom die *Christus* noem!
 - Profete, Priesters en Konings moes mense eintlik net solank oor Jesus leer!
- Vanoggend wil ons veral ontdek wat dit beteken
 - om Jesus as jou Koning te hê
- Ons gaan nou kyk na
 - die werk van 'n koning in die Ou Testament.

- Na Jesus as koning in die Nuwe Testament.
- Die gevolg daarvan as Jesus nie jou koning is nie.
- En wat dit beteken om Jesus wel as jou persoonlike koning te hê...

Konings in die OT

- 'n Koning in die Ou Testament was die hoof-baas.
 - Hy regeer en sê wat gebeur.
- Hoor hoe God in 1 Sam 8 die regte van 'n koning in Israel beskryf, toe hulle vir een vra:

¹¹Hy het gesê: "Dit sal die reg wees van die koning wat oor julle sal regeer: julle seuns sal hy vat en party by sy wa en perderuiters aanstel, party om voor sy wa uit te hardloop, ¹²party sal hy aanstel as bevelvoerders oor afdelings en onderafdelings van die leër, party om sy lande te ploeg en sy oes in te samel, en party om sy krygstuig en uitrusting vir sy strydwaens te maak; ¹³julle dogters sal hy vat om vir hom self te meng, om vir hom te kook en te bak; ¹⁴julle beste lande, wingerde en olyfboorde sal hy vat en aan sy amptenare gee; ¹⁵van julle saagronde en wingerde se opbrengs sal hy 'n tiende vat en aan sy paleis personeel en sy amptenare gee; ¹⁶julle beste slawe, slavinne en jong manne, en julle donkies sal hy vat en vir sy werk gebruik; ¹⁷van julle kleinvee sal hy 'n tiende vat, en julle self sal sy slawe wees.

- Hoor jy hoe baie gesag 'n koning gehad het?
- Maar saam met hierdie gesag het die koning sekere verantwoordelikhede gehad:

- Hy moes 'n weermag lei en voor veg om sy mense te beskerm.
 - Hy moes 'n situasie in die land skep waarin mens kon floreer.
 - En hy was ook die hoofregter wat uitspraak moes gee in moeilike sake.
- Die koning het dalk al die gesag gehad...
 - maar dit was om sy verantwoordelikheid na te kom teenoor sy mense
 - sodat hulle veilig sal wees en sterk kan word
- Dis 'n koning.
 - Die hoof-baas
 - met die laaste sê
 - om God se mense bo te laat uitkom.
- ... maar...
 - nie een van die sukkelende mens-konings in die OT kry dít reg nie
 - hulle laat ons net verlang na 'n koning wat kan...
 - Jesus!

Jesus as Koning

- In Jesaja 32 lees ons dat daar so 'n Koning sal kom:
 - wat reg sal laat geskied...
 - en die gesag sal hê ten beswil van die mense.

¹Daar sal 'n koning kom wat reg sal regeer en amptenare wat reg sal laat geskied. ²Hulle sal elkeen soos 'n skerm teen die wind, soos 'n skuiling teen die stortreën wees, soos strome

water in 'n dor land, soos die skaduwee van 'n groot rots in 'n kaal wêreld.

- Hoor jy – Hy gaan Koninklik regeer...
 - maar om op te pas en te versorg.
- En dis presies wat ons sien in Jesus as Koning in sy tyd op aarde.
- Matteus 4:23-25 skets Koning Jesus in aksie onder sy mense:

²³Hy het toe in die hele Galilea rondgegaan en die mense in hulle sinagoges geleer, die evangelie van die koninkryk verkondig en elke soort siekte en kwaal onder die volk gesond gemaak. ²⁴En berigte oor Hom het deur die hele provinsie Sirië versprei. Die mense het toe die siekes met allerhande kwale en pyne, dié wat in die mag van bose geeste was, geestelik versteurdes en verlamdes na Hom toe gebring, en Hy het hulle gesond gemaak.

- Wat sien ons in Jesus?
 - Jesus praat oor sy koninkryk. v23
 - En Hy praat nie net nie...
 - Hy bewys dat Hy al die gesag het
 - oor die fisiese en geestelike wêreld. v24
 - Elke cm² van sy mense se bestaan.
 - En Hy gebruik sy gesag
 - om sy mense te beskerm en op te bou.
- En dan sien ons verse later in die Bergprediking
 - – Jesus se eerste preek - [Mat5,6,7]
 - hoe Hy vir dieselfde mense as tipiese Baas-Koning

- met gesag sê wat Hy wil sien in elke deel van sy mense se lewens:
 - Hulle lewensdoel [v13-16],
 - wrokke teen mekaar [v21-26],
 - seksualiteit [v27-30],
 - huwelike [v31-32],
 - beloftes en leuens [v33-37],
 - wraak [v38-42],
 - aartsvyande [v43-48],
 - armoedevraagstuk [6v-1-4],
 - gebedslewe [v5-16],
 - eetgewoontes [v17-19],
 - prioriteite en stress [v19-34],
 - en hoe hulle mekaar oordeel [7v1-12].

- En dan sê Hy op die einde as samevatting:
 - Elkeen wat hoor wat ek hieroor sê en so lewe bou sy huis op die rots,
 - die wat hoor en nie so lewe nie bou op sand en se lewe sal uitmekaarval [7:24-29].

- En hoor dan die mense se reaksie hierop:
 - *28*Toe Jesus klaar gepraat het, was die skare verbaas oor sy onderrig, *29*want Hy het hulle geleer soos 'n man met gesag..."
 - Hierdie man praat asof dit als syne is om oor te praat!

- En uiteindelik gaan hierdie Koning dood vir die waarheid waarvoor Hy gestaan het.
 - Soos 'n regte Koning is hy in die voorste linie van die geveg.
 - Ons hoor hierdie woorde in Joh 18 in sy hofsaak voor sy kruisiging:

³³Pilatus het toe weer in sy ampswoning ingegaan en Jesus geroep en vir Hom gevra: “Is jy die koning van die Jode?”

³⁴Jesus het hom toe gevra: “Vra u dit uit u eie, of het ander dit vir u van My gesê?”

³⁵“Ek is mos nie 'n Jood nie!” antwoord Pilatus. “Dit is jou volk en jou priesterhoofde wat jou aan my uitgelewer het. Wat het jy gedoen?”

³⁶“My koninkryk is nie van hierdie wêreld nie,” antwoord Jesus. “As my koninkryk van hierdie wêreld was, sou my onderdane geveg het sodat Ek nie aan die Jode uitgelewer sou word nie. Maar nou is my koninkryk nie van hier nie.”

³⁷“Dan is jy tog wel 'n koning?” vra Pilatus.

“Dit is soos u sê: Ek is 'n koning,” antwoord Jesus. “Ek moet oor die waarheid getuienis aflê. Hiervoor is Ek gebore, en hiervoor het Ek na die wêreld toe gekom. Elkeen wat aan die waarheid behoort, luister na wat Ek sê.”

- Wat sien ons in al hierdie dinge?:
 - Jesus die Koning met volle gesag in aksie:
 - om sy mense te versorg,
 - om sy mense gesagvol te vertel wat gaan vir wat
 - in elke deel van hulle lewe
 - sodat sy Koninkryk sal staan,
 - en om dood te gaan soos 'n Koning vir die waarheid waarvoor Hy staan.
- Dis nou 'n koning wat nie teleurstel nie.
 - Met die gesag... én wat sy verantwoordelikhede nakom!

As Jesus nie jou koning is nie

- Maar ...as jy sê jy is 'n Christen
 - en jy aanvaar nie eintlik dat Jesus daardie tipe gesag oor elke cm² van jóú lewe het nie...
 - kry ons wat ons vandag so baie van raaksien.
- Christene wat net soveel egbreek soos nie-Christene,
- vloek net soos nie-Christene,
- suip soos hulle,
- is wrokkig net soos nie-Christene
- korrup is
- en rassisties net soos nie-Christene.
 - Dishoe dit gebeur dat 75% van Suid-Afrika se bevolking kamstig Christene is...
 - maar die plek lyk soos hy lyk!
- In hierdie weergawe van Christenskap
 - sal mense saamstem dat Jesus as Profeet die waarheid praat,
 - en als regmaak as Priester,
 - maar Hy moet nou nie daarna kom maak
 - asof Hy regtig 'n sê het
 - en asof die plek aan Hom behoort nie!
- *Ek soek sy genade.... maar nie sy koningskap nie*
- Hoe sal jy weet of jy nie regtig voor Jesus as jou Koning buig nie?
 - Jy het 'n dubbel lewe:
 - Jy sal sê Jesus is jou redder
 - Maar 'n klomp dinge hê waar jy hom nie toelaat om oor baas te wees nie

- die bankrekening is joune,
- die tyd is joune,
- die Black Label is joune,
- die klere is joune,
- jou seksualiteit is joune
- die yskas is joune,
- internet is joune,
- ... jou lewe is joune.
- Jy besluit daarvoor en as dinge moeilik raak
 - roep jy gou vir Jesus in as jou assistent
 - want jou gebou op die sand is besig om in te sak.
 - Hy het net 'n sê as jy Hom nooi.
- Verstaan mooi... dit gaan nie hier oor jou redding nie...
 - Priester Jesus het reggemaak wat moes reg.
 - Maar dit gaan hieroor dat Hy jou nie daar wil los nie
 - Met 'n papperige inmeakaarsak lewe
 - Gebou op die sand van jou eie wysheid nie

Jesus as jÓú koning

- Maar as jy
 - na Hom luister as waarheidpratende profeet oor jou sonde,
 - in verstomming oor Hom is as jou regmaak Priester
 - én **daarom** voor Hom buig om die gesag oor jou lewe te wees as jou Koning...
 - gaan die teendeel waar wees.
 - jy gaan op 'n rots bou
 - En sy koningskap en koninkryk gaan deur ander mense in jou lewe gesien kan word.

- As jy toegee en erken dat
 - jou tyd, jou geld, jou Black Label, jou klere, jou yskas, jou huwelik, jou ou of meisie, jou rekenaar en jou lewe...
 - eintlik syne is... en jy Hom daarvoor gehoorsaam...
 - Het jy die Koning van die Kosmos...
 - aan die stuur van jou lewe...
 - en Hy weet baie goed wat Hy doen.

- Daar is te veel papperige Christene in Vanderbijl en Suid-Afrika
 - wat eintlik 'n nul op 'n kontrak is wat die koms van Jesus se koninkryk in hulle lewe betref.
 - Wat die leun koop dat alle gesag sleg is,
 - en Jesus se gesag in die proses weggooi
 - En nie meer een koninkryk baksteen op 'n ander kan sit nie.

- As Jesus as profeet nou sy vinger na jou wys,
 - vat dit op die ken en bely dit!
 - Kyk op en sien dat Jesus as priester selfs dít ook reggemaak het met sy offer aan die kruis.
 - Vat die tyd en verstom jouself dááror.

- En buig dan voor Hom as Koning oor elke cm² van jou lewe
 - Vertrou Hom – al maak dit nie vir jou sin nie
 - Gehoorsaam Hom
 - En sien sy koninkryk kom!
 - Sy afrigting sal vrugte afwerp

- En prys Hom dan.

- Dán bou jy op rots van jou Verlosser...
 - en sal jy die voorreg smaak om te sien

- hoe die Koninkryk van God deur jou eenvoudige lewe in Vanderbijl begin deurbreek
 - soos 'n skerm teen wind...
 - soos water in 'n droë land
- – óók vir die mense om jou.

Slot

- Jesus die Gesalfde, was, sal vir ewig wees en is dit nou:
 - Waarheid-pratende Profeet oor alles,
 - Regmakende Priester vir alles
 - en Gesagvolle Koning oor alles.

- In Jesus het jy dus
 - die waarheid
 - die genade vrypraak
 - die instruksies vir die lewe

- Dís jou VERLOSSER en die diepe omvang van jou verlossing!
 - Mag ons dit vasgryp en lewe!

Amen

Griffel van Wyk
Trinitas
28 Februarie 2016
Deel 3 van 3